EENDJIES WORD SWANE

Die bekende voorkomskonsultant, Chata Romano het haar towerstaffie oor twee vroue geswaai en die eindresultaat was verstommend



Chata het Sonya Kotze (32), 'n besige ma, een Saterdagoggend in 'n winkelsentrum raakgesien en wou haar graag vir 'n mooimaaksessie nader hark. Maar Sonya het op haar selfoon gepraat en terselfdertyd na haar kinders en trollie vol kruideniersware probeer omsien. Chata het 'n halfuur gewag voor sy Sonya se aandag kon trek, maar sy sê die wag was die moeite werd. Sonya was skrikkerig, maar tog gretig om die middelpunt van professionele aandag te wees en uit haar mawees-roetine te breek.

Grimering

Dis baie belangrik dat die kleur van jou hare en wenkbroue saamsmelt. Voor Sonya gegrimeer is, is haar swart wenkbroue kastaiingbruin gebleik en in 'n netjiese bogie gepluk. Dit het haar oë dadelik groter en blinker laat lyk. As jy 'n goue sonbruin of pienkerige vel het, sal jou velkleur volgens Chata Romano se kleurkonsep as 'n mediumveltoon geklassifiseer word. 'n Goue/heuningkleurige onderlaag is gekies om by Sonya se sonbruin vel te pas en glansende goue oogskadu en koper lipstiffie het haar voorkoms afgerond. Sonya se oë, wat voorheen deur haar wenkbroue oorskadu is, is 'n liefliike seegroen en een van haar beste bates.

Hare

Sonya sit sedert haar tienerjare ligstrepe in haar hare en het geweet dis tyd vir 'n verandering. Haar hare is in 'n vleiende polkastyl gesny en die geelblonde hare is na donkerblond verander. Om ekstra volheid te kry, is die hare in die teenoorgestelde rigting drooggeblaas. Ons het haar hare vir 'n paar sekondes laat afkoel voor die borsel uitgehaal is sodat die styl kon hou.

SONYA SE KOMMENTAAR

"Wow! Ek voel so mooi en word toegegooi onder komplimente en aandag. Toe ek by die huis kom, was my gesin verstom. My seun het my nie herken nie en my man het vir 'n hele ruk in verbasing na my gestaar voor hy vir my gesê het hóé vreeslik mooi ek lyk. Baie dankie, Chata en jou span, dit was 'n wonderlike ondervinding wat ek nooit sal vergeet nie."

Dié voorkomsveranderings kom uit Chata se twee nuwe boeke, 'Colour' en 'Style', wat by boekwinkels landwyd beskikbaar is. Vir meer inligting oor Chata se onderneming, gaan kyk by www.chataromano.com

FOTOGRAAF MICKY HOYLE. MODE CHATA ROMANO; STILERING RYNO MULDER, DIANNE VAN OSHUN; GRIMERING LAURA WHITEHEAD EN CARL ISAACS; KIERE TRUWORTHS EN STUTTAFORDS

Judith Cozien

Toe Chata vir Judith Cozien (21) sien, het sy onmiddellik geweet sy het 'n potensiële wenner beet. Judith se natuurlike bruin hare was baie blond geblelk en effens uitgegroei. Enigiets kon 'n verbetering wees.

Grimering

As jy 'n blonde, bleek of ligpienk velkleur het, sal dit volgens Chata Romano se kleurkonsep as 'n sagte veltoon geklassifiseer word. Kies ligte, skoon kleure - vermy donker, ryk kleure.

Hare

Pleks van Judith se hare haar oorspronklike donkerbruin te kleur, het ons dit vlamrooi getint en in 'n polkastyl gesny. Die uitwerking was dramaties en het Judith se lang, ovaal gesig in 'n klassieke ovaal gesig verander en haar bleek veltoon opgehelder.

JUDITH SE KOMMENTAAR: "Ek is altyd bang om te eksperimenteer, maar het besluit om te waag. Die rooi hare was 'n groot skok, maar hoe meer ek daarna kyk, hoe meer hou ek daarvan. Al my vriende het Chata en haar span vol punte gegee. Dit was vir my vreemd om in die spieël te kyk en te wonder waarom 'n pragtige rooikop beweeg elke keer as ek roer."

Chata se nuwe boeke

Colour help jou om die kleur van jou hare, grimering en klere met gemak te kies

- Inligting oor voorkomsveranderings wat jou sal inspireer
- Grimeerkleure wat by jou velkleur pas
- Hoe om jou haarkleur te kies met behulp van Chata se unieke metode
- Kleure vir jou klere – speel klaar met die 'koop nou, berou later'-sindroom!



Style is jou persoonlike gids oor voorkomsveranderings

- 21 gewone vroue word verander in vroue wat regtig buitengewoon is!
- Stylopiossings vir alle liggaamsvorms
- Hoe om vir enige geleentheid aan te trek – deftig tot informeel
- Maak jou klerekas vaartbelyn en koop slim

Om 'n boek te bestel wat deur Chata geteken is:
Koste: R195 elk, posgeld ingesluit
Tel: 021 434 2155
e-pos: info@chataromano.com
Webwerf: www.chataromano.com

By Truworths en die voorste boekhandelaars beskikbaar

CHATA12